

17 Junie

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:13-17
Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:13, 14

In onseker tye kan ons seker wees van God se verkiesende liefde!

Soos die gelowiges in die gemeente van Tessalonika leef ons vandag ook in onseker tye en omstandighede. Hulle was onseker oor misverstande rakende die wederkoms en daar was ook oor die antichris verwarring.

Die Here weet ook wat ons diepste behoeftes in hierdie onseker tyd is, net soos Hy dit destyds in die tyd toe die apostel Paulus die tweede brief aan die gemeente van Tessalonika geskryf het, geweet het. Daarom troos en bemoedig die Here hulle en ons op 'n baie besondere manier. Ons fokus op sy trooswoorde in *2 Tessalonisense 2:13-17*.

Wanneer ons deur berigte van tsoenami's, aardbewings, oorloë en massamoorde tussen landgenote oorweldig word, het ons 'n groterwordende behoefte aan sekerheid en sekuriteit. Dit is juis in so 'n tyd dat die Here vir ons sê (2 Tess. 2:13) –

- dat Hy ons liefhet (vs 13a);
- dat Hy ons uitverkies het (vs 13b);
- dat Hy ons gered het (vs 13c);
- dat Hy deur die Heilige Gees ons vir Hom afgesonder het deurdat ons die waarheid glo (vs 13d).

Daarom is die Woord van die Here in *2 Tessalonisense 2:14* van wesenlike betekenis wanneer Hy sê: *“Hy het julle hiertoe geroep deur die evangelie wat ons aan julle verkondig het, sodat julle deel kan kry aan die heerlikheid van ons Here Jesus Christus.”*

Hier vat Paulus alles saam wat aan elke kind van God sekerheid gee in onseker tye, wanneer hy sê:

- In al die goeie wat ons in woord en daad doen, sal ons bemoedig en gesterk word deur ons Here Jesus Christus en God ons Vader.
- God het sy liefde aan ons bewys en dit is vir ons 'n blywende troos.

Sing: Psalm 66:7 (1936)

Dr. GCP Labuschagne (Vleuels)